

WEES BLY EN DANKBAAR

1. **Lees Lukas 15: 1 – 7; en 8 – 10. Deel met mekaar** wat jou aanspreek/vir jou uitstaan.
2. **Watter ooreenkomste is daar tussen die 2 gedeeltes?**
3. **Lees Lukas 15: 11 – 24 en 32.** (Met Sondag se boodskap is klem gelê op die verlore seun en sy verhouding met sy Pa, en nie op die broer en sy reaksie nie). **Deel met mekaar** wat jou aanspreek/vir jou uitstaan in hierdie gedeelte.
4. **Watter ooreenkomste is daar** tussen hierdie perikoop (Skrifgedeelte) en die 2 voriges?
5. Aanvanklik is die seun naby sy Pa (vers 11 – 12), dan dwaal hy af (vers 13), dan is hy verlore en alleen (14 – 16), en dan kom hy tot inkeer (17 – 20a). In dit alles was daar steeds baie waarvoor hy dankbaar en bly oor kon wees. As hy dit maar net raakgesien het! **Kan julle as groep dit raaksien? Deel met mekaar** die dinge waarvoor hy bly en dankbaar kon wees ten spyte van waar hy hom in sy verhouding (of gebrek aan verhouding met God) met God bevind het.
6. Wat is die dinge waaroor ons bly en dankbaar kan wees in ons verhouding met God, ongeag hoe naby of hoe ver ons van God af “voel”, of dalk is. **Deel met mekaar. Lees ook 1 Tessalonisense 5:16 - 18.**
7. In vers 20b – 24 sien ons hoe hy terugkeer. En dan **vergifnis** ontvang vanaf die Pa! Hierdie vergifnis was nie net lippetaal nie. Nee, die Pa het hom fisies gewys dat Hy hom regtig vergewe en dat hy dit bedoel. **Deel met mekaar hoe Hy dit gewys het.**
8. **Vers 20b – 24 wys ons eintlik hoe God vergewe. Deel met mekaar/Getuig** oor hoe jy ervaar het en ervaar dat God jou regtig vergewe.
9. **Broer en suster, onthou:** by die Here is daar vergifnis. Hy wil jou ook omhels, soen, verwelkom, Hy wil feesvier oor jou, want jy as 1 enkele persoon (net soos in die gelykenis tov 1 skaap en 1 muntstuk) is vir hom belangrik en kosbaar. **Verskil is:** dis nie maar net ‘n verhaal, of ‘n gelykenis nie; **hierdie is regtig! Jy as een enkele persoon is vir Hom belangrik en kosbaar. Hy vergewe jou! Hy vier fees oor jou!**

Vers 32 sê vir ons: Sy liefde en vergifnis is so groot vir jou, **Hy kan en wil eintlik nie anders as om bly te wees en fees te vier oor jou nie.**
Sò groot is Hy, sò groot is Sy vergifnis, genade en liefde. Vir JOU!